AP Goossens Herbarium

Die herbarium is vernoem na Antonie Petrus Gerhardus Goossens (1896 - 1970) wat op die plaas Klein Doringkop in die distrik Senekal gebore is. Hy ontvang sy laerskoolopleiding aan verskeie plaasskole, o.a. ook aan die Paarlse Gimnasium en matrikuleer in 1915 aan die Hoërskool Bethlehem.

Hy verwerf verskeie onderwysdiplomas en behaal ‘n D.Sc.-graad in Plantkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys in 1937. In 1929 bedank hy as onderwyser en werk vir ‘n kort tydperk as grasdeskundige aan die Nasionale Herbarium in Pretoria. Hy is in 1932 as senior lektor by die PUK aangestel en is in 1935 na professor bevorder. Hy tree op as hoof van die Departement Plantkunde van 1932-1961 en het ook as dekaan van Natuurwetenskappe gedien. Hy het tot op 70-jarige leeftyd ‘n bydrae tot die PUK gelewer.

Prof APG Goossens het veral op Suid-Afrikaanse grasse gespesialiseer. Vele wetenskaplike artikels in vaktydskrifte asook populêr-wetenskaplike artikels het uit sy pen verskyn. Daarbenewens het hy die eerste Afrikaanse sleutel tot die families en genera van Suid-Afrikaanse blomplante getiteld “Suid-Afrikaanse Blomplante’, die lig laat sien en was hy senior-outeur van ‘n leerboek getiteld: “Leerboek vir Plantkunde”, die eerste werk van sy soort in Afrikaans. Hiermee het hy ‘n onskatbare bydrae tot die Plantkundige terminologie in Afrikaans gelewer en daarmee ‘n uitmuntende bydrae tot die bevordering van Plantkunde in Suid-Afrika.

Hy was ‘n veelsydige sportman en maak springbokrugbyspelers soos Basie van Wyk, Piet Malan en Johan Claasens groot. As grootwildjagter stig hy die Suid Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging. Hy was ook die eerste bevelvoerder van die Regiment van die Potchefstroomse Universiteit.

Antonie in sy kantoor (1945)

Een van die grasspesies wat na Antonie vernoem is



Anthephora argentea Goossens